

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

***Yeshua is die hart van die Vader!***

## **Parashah 45: Va'etchanan – En Ek Het Gesmeek.**

*Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê 'O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen? Deut. 3:23 en 24 – PWL.<sup>1</sup>*

**Torah:** Deut. 3:23 tot 7:11.

**Haftorah:** Jes. 40:1 tot 26.

**Nuwe Verbond:** Matt. 28:20; Open. 22:14; Open. 22:18 en 19; Rom. 7:12; Efes. 6:4; Rom. 1:18 tot 25; 2 Pet. 2:20 tot 22; 2 Kor. 6:17; 1 Pet. 2:9; 1 Kor. 6:19 en 20; Heb. 12:18 tot 29; Joh. 14:15,21,23; Mark. 12:28 tot 34.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 45 wat afgelaai kan word by: [Parashah45Notas14](#) en [Parashah45Notas15](#) en [Parashah45Notas16](#).

*We're always in Abba's school! Just like in the world's schools – we learn, then we are tested on what we learned. If we fail the test, we have to go back and re-learn and take the test again! Graduation Day is at the return of Messiah! – Yedidah.*

### **WASHED by HIS WORD by David Wilkerson**

Many Christians today want a blood covering for sin but not a cleansing! The ritual of the Old Testament Tabernacle provides a clear example of the kind of walk with God Christians should have.

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

The Tabernacle had an outer court where the sacrificial animal was slain. This provided the blood covering for sin. But outside, too, was a laver where cleansing took place. No priest could enter the Holy of Holies and commune with God face to face without being cleansed.

Some Christians believe they can bypass the laver which, for us, stands for the washing by the water of the Word. They believe they can push into the holy place with sin caked all over them and sinful habits deeply imbedded in their hearts. Just walk right in and boast, "I am the righteousness of God in Christ."

The perfect heart is after more than security or a covering for sin! It seeks to be in His presence to have communion! Communion is talking with the Lord, sharing sweet fellowship, seeking His face. And that is what you get in the Holy of Holies! It comes in this order: covering, cleansing, commitment and then communion.

Many believers, however, want nothing more than to be covered – a quick ticket to glory! No pain, no cross, no cleansing! They go about crying, "I'm under the blood! I'm safe!"

## Torah Bespreking

### Hersiening

Aan die einde van Moses se lewe, waarvan hy 80 jaar in die wildernis deurgebring het, onderneem hy om vir oulaas YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies aan die volk te herhaal. As leier het hy saam met Israel die hoogte- en laagte punte sedert Israel van die slawejuk bevry is, beleef.

Die studie van Deuteronomium (*D'varim*) begin dan met: *hierdie is die woorde waarmee Moshe met die hele Yisra'el gepraat het...* (Deut. 1:1). Omrede die afskeidswoorde van 'n persoon altyd die belangrikste is, moet ons luister na Moses se laaste woorde aan Israel, want dit bevat geestelike waarhede wat steeds vandag op ons van toepassing is!

Daarom is die kern van Moses se laaste toespraak aan Israel in Deut. 4:39 en 40 vir ons ook belangrik:

*39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. 40 Jy sal daarom Sy reëls en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye."*

Dit is daarom noodsaaklik dat ons as gelowiges onder die nuwe verbond in Yeshua ook moet weet, en dit ter harte neem, dat YHVH alleen die enigste en ware God is en dat daar geen ander god in ons lewe moet wees nie! Daarom moet ons YHVH se reëls en Sy wette hou soos dit in Yeshua Messias vervul is en in die Skrifte van die nuwe verbond vir ons uiteengesit word. Alleenlik dan sal dit met ons en ons kinders goed gaan in die land wat YHVH ons God vir ons gegee het. Dat dit met ons goed sal gaan, verwys eerstens na die geestelike en dan na die fisiese (materiële)! Hoe meer geestelike oorfloed ons ervaar, hoe minder belangrik word die fisiese (materiële) dinge van die lewe. Daarom het Yeshua gesê:

*Maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33.*

Israel het vir bykans 40 jaar ‘n geleentheid gehad om ‘n verhouding met YHVH te bou – ‘n verhouding van vertroue en gehoorsaamheid! Maar Paulus skryf in 1 Kor. 10:1 tot 12 dat God met die meeste van hulle nie tevrede was nie (vers 5)! Daarom herinner Paulus ons daaraan om nie YHVH te versoek soos Israel gedoen het nie! Soos Israel in die wildernis eet ons ook van dieselfde geestelike kos en drink ons van dieselfde geestelike water, naamlik van YHVH se voorsiening in Yeshua Die Gesalfde Een. Daarom moet ons nie YHVH versoek soos sommige van hulle gedoen het nie en ook nie murmureer soos sommige nie, want ons sal ook deur die vernietiger vernietig word!

Ons moet leer om ‘n verhouding met YHVH te hê van vertroue in Hom en getrouheid aan Hom deur die genade in Yeshua! Dit is ons elkeen se eerste prioriteit hier op aarde!!

### **Deut. 3:26 - Wanneer Vader-God ‘Nee’ sê!**

*maar יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en wou nie na my luister nie. יהוה het vir my gesê: ‘Genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie. Deut. 3:26.*

Wanneer ons ons op die genade, guns en barmhartigheid van YHVH beroep is dit om voor die Vader te staan en daarvoor te vra en selfs te smeek. Dit is wat Moses gedoen het toe Hy voor YHVH gestaan het en gevra het om die Beloofde Land in te gaan! Van al die Israeliete het Moses dit sekerlik ‘verdien’ om Kanaän saam met die volk in besit te neem! Maar YHVH se antwoord aan Moses was egter: *Dit is nou genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak spreek nie.*

Die vraag is nou: Hoe moet ons reageer wanneer Vader-God vir ons ‘Nee’ sê vir dit wat ons met smeekbede vir Hom vra? Die antwoord vind ons in hoe die geloofsreuse van ouds, asook Yeshua, in sulke situasie gereageer het.

Toe Koning Dawid se seun, na sy buite egtelike verhouding met Batseba, ernstig siek geword het, het hy YHVH gesmeek om sy seun te spaar. Dawid het gevas en *die hele nag deur op die grond gelê* (2 Sam. 12:16). Nogtans het die kind op die sewende dag gesterf! Nadat Dawid die tyding van sy kind se dood ontvang het, het hy soos volg daarop gereageer:

*Dawid het van die grond af opgestaan, hom gewas en gesalf en ander klere aangetrek, in die huis van יהוה ingegaan en aanbid. Toe het hy na sy eie huis gekom en toe hy gevra het, het hulle kos voor hom gesit en hy het geëet. 2 Sam. 12:20.*

Vir Dawid se dienaars was hierdie reaksie van hul koning onverstaanbaar. Dawid se antwoord aan hulle was egter selfverduidelikend van hoe ons ook in sulke situasie moet reageer:

*22Hy antwoord: “Toe die seun nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink: ‘Wie weet, יהוה mag onverdiende guns aan my bewys dat die seun mag leef,’ 23maar nou is hy dood; hoekom sou ek vas? Kan ek hom weer terugbring? Ek sal na hom toe gaan, maar hy sal nie na my toe terugkeer nie.” 2 Sam. 12:22 en 23.*

Dawid het berus in die finaliteit van YHVH se besluit!

Let egter op wat volg na hierdie hartseer gebeure: Salomo word gebore (2 Sam. 12:24) – die man wat YHVH se Tempel sal bou! As te ware het daar uit Dawid se hartseer iets nuuts ontstaan wat YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid sou openbaar. Is dit nie genade, guns en barmhartigheid nie?

Paulus is nog 'n voorbeeld van berusting wanneer Vader-God 'Nee' antwoord op dit wat ons begeer. Ten opsigte van die doring in sy vlees het Paulus drie keer gevra dat hy daarvan verlos moet word. YHVH het egter vir Paulus geantwoord: *“My onverdiende guns is vir jou genoeg, want my wonderwerkende krag word in swakheid volmaak gemaak (2 Kor. 12:8 en 9).*

Paulus se reaksie hierop was:

*<sup>9</sup>Ek sal daarom met blydschap in my swakhede roem sodat die krag van Die Gesalfde Een op my kan rus. <sup>10</sup>As gevolg hiervan verbly ek my in lyding, in beledigings, in beproewings, in vervolginge en in gevangenskap om die persoon van Die Gesalfde Een se onthalwe, want as ek swak is, dan is ek sterk. 2 Kor.12:9 en 10.*

Hierdie doring in Paulus se vlees het gemaak dat hy nie hoogmoedig word oor die openbaringe wat hy ontvang het nie, en het verseker dat hy afhanklik gebly het van YHVH se genade. Die les hieruit is om te alle tye te onthou dat Vader-God se genade vir ons genoeg is om ons deur alle omstandighede te dra.

Selfs Yeshua het by geleentheid op Sy aangesig voor YHVH geval en gevra: *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil (Matt.26:39).* YHVH moes ook vir Sy Geliefde Seun 'Nee' sê, want daar was geen ander wyse waarvolgens God se plan van sondevergifnis voltooi kon word nie. Hoewel Yeshua met groot benoudheid begrip gehad het van Sy lydingsdood wat op hande was, het Hy berus by God se raadsplan en gesê: *My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat wees soos u wil (Matt. 26:42).* Al was Yeshua die Seun van YHVH het Hy gehoorsaamheid geleer deur wat Hy gely het

*<sup>7</sup>Ook toe Hy in die vlees geklee was, het Hy gebede en versoeke met 'n kragtige geroep en trane aan Hóm geoffer, wat Hom uit die dood uit lewe kon gee en Hy is verhoor. <sup>8</sup>Alhoewel Hy die Seun is, het Hy gehoorsaamheid geleer deur respekvolle vrees en lyding <sup>9</sup>en so is Hy volmaak gemaak en het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die Rede vir die ewige lewe geword. Heb. 5:7 tot 9.*

Die lewensles wat Moses, Dawid, Paulus en Yeshua ons leer, is dat daar tye in ons lewens gaan wees waar Vader-God ons smeekgebede met 'n besliste 'Nee' gaan antwoord wat vir ons hartseer en lyding gaan meebring. Maar wanneer ons berus by YHVH se soewereine besluit in hierdie situasies, dan sal ons gevorm word om gelykvormig aan Yeshua Messias te word. Ons kan berus in die feit dat dit deel is van YHVH se plan vir ons. Ons kan berus in die feit dat YHVH deur ons situasie Sy heerlijkheid wel bekend sal maak – op Vader se wyse en op Sy tyd!

Wanneer ons met 'n nee-antwoord gekonfronteer word, en dit so aanvaar, dan is daar steeds die volgende geslag vir wie ons moet bemoedig en leer. Daarom het YHVH vir Moses gesê:

*maar stel Y'hoshua aan, bemoedig en versterk hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek en hy sal hulle die land wat jy sal sien, as erfenis gee. Deut. 3:28.*

Dit moet ook vir ons 'n vertroosting wees dat ons kinders dit sal ontvang waarvoor ons YHVH vertrou het. Ons geestelike voorgeslagte is immers hiervan 'n voorbeeld, soos wat dit in Heb. 11:13 tot 16 opgeteken is:

<sup>13</sup>In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is, <sup>14</sup>want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle 'n stad soek. <sup>15</sup>As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan, <sup>16</sup>maar nou is dit duidelik dat hulle na 'n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad voorberei.

In die wildernis van hierdie aardse lewe is ons vreemdelinge en nomades en al ons smeekgebede gaan nie verhoor word nie. Maar ons verlange is na dit wat in die hemel is – 'n hemelse koninkryk wat uiteindelik hier op aarde gevestig sal word en waarvan ons uiteindelik, by die voltooiing van YHVH se Raadsplan, deelagtig sal wees.

Laat die ouer geslag die jonger geslag, naamlik dié wat die toekomstige leiers is, hiermee bemoedig en versterk!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is Moses, Dawid, Paulus en Yeshua ook die bewys dat die voorspoedlering (*prosperity teaching; name it and claim it!*), om byvoorbeeld Satan te bestraf en te bind oor finansies, of om jou finansies in vrugbare grond te saai (*name your need when you sow your seed*) nie die 'resep' is om die begeertes van jou hart te ontvang, 'n misleiding? As dit waar sou wees dan sou dit vir Moses tog gewerk het?! Ons ontvang seëninge alleenlik deur gehoorsaamheid aan YHVH se Torah van die nuwe verbond, naamlik om die verbondsvoorwaardes na te kom (Deut. 7:7 tot 13; Joh. 14:21, 23 en 24). En selfs dan is dit steeds YHVH se soewereine wil wat sal geld!
2. Tog is daar verskeie Skrifverwysings met die belofte dat alles wat ons in die gebed vra sal ons ontvang (Matt.21:22). Ook Matt. 7:7 lees: *Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word.* Hoekom is daar dan situasies waar YHVH-God gebede verhoor en situasies waar Hy dit nie verhoor nie? Is dit 'n geval van: *God will supply in all your needs, but not in all your greediness?*

### **Israel se “Geloofsbelydenis” – Die *Sh'ma***

<sup>4</sup>Luister, hoor en doen *Yisra'el*, יהוה *is ons God*; יהוה *is Een*. <sup>5</sup>Jy moet יהוה, *jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns*. Deut. 6:4 en 5.

In Joh. 10:30 sê Yeshua: *Ek en My Vader, Ons is een*. Dit sluit aan by, en is bevestiging van, wat beskou kan word as Israel van die ou verbond en Israel van die nuwe verbond se “geloofsbelydenis”, naamlik: *Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een!*

Hierdie “geloofsbelydenis” is egter onvolledig sonder dit wat direk hierop volg, naamlik: *Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns* (Deut. 6:5).

Deut. 6:4 staan bekend as die *Sh'ma* en is Israel, naamlik een wat vertroue het dat Yeshua die Lam van God is, se geloofsverklaring dat YHVH die enigste ware en lewende God is en dat gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies op grond van liefde is. Die *Sh'ma* word ook as die wagwoord van Israel se vertroue in YHVH beskou. Daarom kan dit in die lig

van die betekenis van die woord Israel (*Yisra'* – hy sal heers en *El* – Magtige God) ook soos volg bely word:

“Luister, oor wie Hy heers as Magtige God (*Yisra'el*), *Yahuah* is ons God, *Yahuah* is Een.”

Die verskuilde betekenis van die *Sh'ma* word in 'n Torah-boekrol gevind in die wyse wat die twee woorde *sh'ma* en *egad* geskryf word. In Hebreeus word Deut. 6:4 soos volg geskryf:

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

en word dit soos volg getransliterer:

*Sh'ma Yisra'el Yahuah Eloheinu Yahuah egad.*

Met die skryf van *Sh'ma* (שמע – *shin, mem, ayin*) word die *ayin* met 'n vergrote letter geskryf, naamlik: שֹׁמַע en met die skryf van *egad* (אחד – *aleph, chet, dalet*) word die *dalet* met 'n vergrote letter geskryf, naamlik: אֶחָד.

Die letter *ayin* en *dalet* vorm die woord getuie (עד - *ayd*). Wanneer ons die *Sh'ma* bely, is ons getuies van YHVH en van Yeshua as Messias. Dit is die getuienis dat YHVH Yeshua Een is. Ons is die getuies en die getuienis van die manifestasie van YHVH se teenwoordigheid op aarde. Deur saam Deut 6:4 te bely word die *Sh'ma* by die mond van twee of meer getuies bevestig.

Die piktogram van *ayin* is 'n oog en die piktogram van *dalet* is 'n deur. 'n Getuie is die een wat by die deur staan en met die oë YHVH Yeshua sien.

Die *Sh'ma* is deur Yeshua self bevestig toe een van die leraars van die wet ('n skrifgeleerde) vir Hom gevra het wat is die eerste gebod van almal. Yeshua se antwoord was:

*29Die eerste van al die opdragte is: 'Luister, hoor en doen Yisra'el, יהוה is ons God, יהוה is Een' 30en: 'jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie; vanuit jou hele gees; vanuit al jou begrip en verbeelding en vanuit al jou krag.' Dit is die eerste opdrag. Mark. 12:29 en 30.*

Die *Sh'ma*-belydenis moet opgevolg word deur die getuienis van liefde vir YHVH wat deur gehoorsaamheid aan die Torah van die nuwe verbond bevestig word. Daarom het Yeshua gesê:

*Wie ook al My opdragte het en hulle uitvoer, dit is hy wat My lief het en wie My lief het, hóm sal My Vader liefhê en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Joh. 14:21.*

*23Yeshua antwoord en sê vir hom: "As iemand My lief het, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. 24Hy wat My nie lief het nie, gehoorsaam nie My boodskappe nie en hierdie boodskap wat julle hoor, is nie Myne nie, maar is van die Vader af wat My gestuur het. Joh. 14:23 en 24.*

*Sh'ma* volgens Hebreeuse denke, en soos dit deur Bill Bullock (The Rabbi's Son) verduidelik word, beteken:

- Listen, and pay full attention, as if your life depended on it; AND



- once you have paid attention, and have heard what is said, begin immediately to incorporate what has been said into your life, AND
- adapt every aspect of your thought life, speech, and conduct to what you have heard, AND begin to meditate on and memorize it, AND
- teach it to your children AND
- walk it out tangibly so as to demonstrate it to the world, until you, and the world around you, is transformed into the image of the words you hear.

*Sh'mar* beteken: om te omhein (soos met dorings), om wag te staan, om te beskerm, te bewaar, ag te gee daarop, op te let na, noulettend te wees, op jou hoede te wees, te handhaaf, te hou (soos gehoorsaam te wees)

*Asah* beteken om te doen, uit te voer, te vervul, te vorm, voor te berei, te maak.

Deut. 28:1 en 2 en lees dus soos volg:

*Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam (sh'ma), deur versigtig te wees (sh'mar) om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen (asah), יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam(sh'ma).*

Om te *sh'ma* is dus om te hoor wat YHVH sê en dit te bewaar (*sh'mar*) en presies daarvolgens te handel (*asah*). Dit is om onvoorwaardelik te glo tot die mate dat enige vorige denke, houdings, prioriteite, menings en geloofsoortuigings onmiddelik vervang word. Om die woord van YHVH (Torah) te hoor is om enige vorige denke en optrede onmiddelik te verander of aan te pas om in absolute ooreenstemming te kom met dit wat deur YHVH gespreek is.

Die *sh'ma* beginsel is om te hoor (te luister) asof jou lewe daarvan afhang. Dit is soos die reddingsboei wat na die drenkeling gegooi word. Hy bepeins en oordink nie wat sy volgende aksie gaan wees nie. Nee, hy gryp (*sh'mar*) die geleentheid wat gebied word en handel (*asah*) presies volgens die instruksies van die lewensredder.

*Sha'mar* beteken wagter (brandwag) en dus om wag te staan en te beskerm. Elkeen wat die woorde van Torah hoor (*sh'ma*) moet daarvoor wagstaan (*sh'mar*) en dit beskerm sodat nie een woord verlore gaan nie en sodat elkeen presies volgens die woord kan handel of optree (*asah*).

Jakobus bevestig hierdie waarheid in sy brief soos volg:

*22Wees 'n doener van die boodskap en nie net 'n hoorder wat jouself mislei nie, 23want as iemand 'n hoorder van die boodskap is en nie 'n doener nie, is hy soos 'n man wat sy gesig in 'n spieël sien, 24want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het, 25maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die dade, sal geseënd wees in wat hy doen.*  
Jak. 1:22 tot 25.

Volgens Jak. 1:21 moet ons 'n sagmoedige, naamlik 'n ontvanklike en leerbare gees hê wat luister na die ingeplante woord – Die Woord van YHVH (Yeshua die Lewende Torah) wat in ons verstand gegee en op ons hart geskryf is (Heb. 8:10). Hierdie is die redding van die siel

omrede dit die wil, die denke, die redenasie en die emosie rig volgens Vader YHVH se wil. Deur nougeset te reageer op Torah word ons sielsrealm in ooreenstemming met Vader-God en Sy Woord gebring. Dit is die vernuwing van die gemoed.

*en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is.*  
Rom. 12:2.

Dit is om ons wil, denke, emosie en optrede in ooreenstemming met die van YHVH\_God te bring!

Volgens Jak. 1:22 moet ons dit wat Torah leer, gaan doen. Ons moet dit nougeset uitvoer en daarvolgens lewe. Indien ons dit net hoor en nie doen nie, dan mislei ons onself omrede ons sielsredenasies en gevolglike optrede volgens ons wil en nie volgens die van YHVH is nie. Dan rig ons ons eie geregtigheid op (Rom. 10:3).

In Jak. 1:23 tot 25 leer ons dat diegene wat Torah net hoor sonder om dit te doen, soos iemand is wat in 'n spieël kyk en dan weggaan en vergeet hoe hy lyk. Lees dit weer aandagtig!

*<sup>23</sup>want as iemand 'n hoorder van die boodskap is en nie 'n doener nie, is hy soos 'n man wat sy gesig in 'n spieël sien, <sup>24</sup>want hy sien homself en gaan weg en vergeet hoe hy gelyk het, <sup>25</sup>maar elkeen wat diep insien in die volmaakte wet van vryheid en daarin volhard omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n doener van die daede, sal geseënd wees in wat hy doen.*

Sommige hoor YHVH se onderrig en instruksies, maar dit maak geen indruk op hulle nie en daarom vergeet hulle dit. Hulle sielsrealm is nog nie 'gered' nie (vers 21). Die waarskuwing aan diegene is vervat in Matt. 7:21 tot 23, naamlik:

*<sup>21</sup>Nie elkeen wat vir My sê: 'My Meester, my Meester,' sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen. <sup>22</sup>Op daardie dag sal baie vir My sê: 'My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige daede gedoen nie?' <sup>23</sup>Dan sal Ek vir hulle sê: 'Ek het van die begin van tyd af nie met julle 'n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!'*

Volgens Jak. 1:25 sal elkeen wat met toegewyde aandag na Torah luister, asook moeite doen om dit te verstaan en dit dan gaan toepas, voorspoedig wees in alles wat hy doen, naamlik in sy werke (dade), naamlik die dinge van Torah waarmee hy hom besig hou. Hy word nie geseën vir sy daede nie, maar word **in** sy daede geseën. Elkeen het die keuse (die vryheid) om te kies of hy net 'n hoorder gaan wees en dit dan vergeet en of hy dit hoor met die doel om dit te bewaar en nougeset te doen.

Volgens Jak. 2:14 tot 26 is vertroue in Yeshua as Verlosser sonder die werke wat die bewys van hierdie vertroue is, nuttelose vertroue! Hierdie tipe vertroue kan die mens nie red nie (Jak. 2:14, 17, 20 en 26).

Dit is bevestiging dat vertroue nie die werke, naamlik die toepassing en uitvoering van Torah, vervang het nie. Werke van Torah opsigself kan die mens nie red nie, maar vertroue sonder werke van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah van die nuwe verbond, kan die mens



ook nie red nie. Die twee loop hand aan hand – eers vertrou in Yeshua en dan die werke wat die bewys en bevestiging is van dit wat geglo word.

Jakobus verduidelik dit aan die hand van hulpverlening (barmhartigheid) aan die wat gebrek het (Jak. 2:15 tot 17). Vertroue in YHVH vereis dat ons ons naaste lief moet hê soos onself (Matt. 22:37 tot 40). Maar om lief te hê met woorde sonder die dae wat die liefde bevestig en bewys daarvan is, is nuttelose vertrou en liefde (1 Joh. 3:18). So 'n mens se vertrou in Yeshua Messias as sy versoening met YHVH is nutteloos, want sy weiering om te doen soos Torah beveel, 'neutraliseer' sy vertrou.

As bewys van bogenoemde word die voorbeeld van Abraham voorgehou (Jak. 2:21 tot 23). Abraham se vertrou het gepaard gegaan met werke toe hy die opdrag van YHVH uitgevoer het deur vir Isak te gaan offer. Sy vertrou het saamgewerk met sy werke en sodoende het sy vertrou volkome geword.

*Sien julle dat die mens onskuldig verklaar word deur dae en nie alleen deur die 'geloof' nie? Jak.2:24.*

Die voorbeeld van Ragab is verdere bevestiging hiervan, naamlik dat vertrou en werke hand-aan-hand gaan (Jak. 2:25).

Vertroue en werke vorm dus 'n onafskeidbare eenheid. *Net soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood* (Jak. 2:26).

In sy brief aan Timotheüs skryf Paulus die volgende:

*Gee aandag aan jouself en jou leer en volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy en dié wat jou hoor, lewe.* 1 Tim 4:16.

Daar word dikwels gesê: "Practise what you preach." Nee!! "Preach what you practise!!" Hoe kan jy ander leer wat jy nie self doen nie? Deur te doen en te leer is Waarheid, dan is daar Lewe – Lewe in oorfloed!

<sup>1</sup>*Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgeving van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie, <sup>2</sup>maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. <sup>3</sup>Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig.* Ps. 1:1 tot 3.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Indien vertrou deur werke bevestig moet word en deel van ons redding moet vorm soos ons in Jakobus 2 geleer het, is die vraag hoe dit dan versoen word met Paulus wat leer dat redding alleen deur vertrou is? Is hier 'n teenstrydigheid in die Skrifte? Bespreek dit onder andere in die lig van Rom. 3:28; Rom. 10:13; Efes. 1:13 en 14; Efes. 2:8 en 9.
2. Hoekom is jy Torah-gehoorsaam? Is dit vrees of liefde wat jou dryf? Indien dit vrees is, naamlik vrees vir die gevolge van ongehoorsaamheid, dan is jy weens selfsugtige redes gehoorsaam! Beskryf onderstaande jou gesindheid?

*"To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart... It's motto is – " My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will." - Oswald Chambers.*

*You express love by obedience – Jack Hyles.*

*Love is not just a sentiment. Love is a great controlling passion and it always expresses itself in terms of obedience – Martyn Lloyd-Jones.*

-O-O-O-O-O-O-O-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*